18 MAART 2020
HERDERSBRIEF #5

Geliefde Gemeente,

Paulus in sy skrywe aan die Kolossense verklaar in ***Kol. 4:5: "Koop die tyd uit."***

Ek is so dankbaar dat ons verlede week Vrydagoggend, die leiding van die Heilige Gees ontvang het om hierdie tydperk, uit te roep.

Vrydagaand en Sondag was hierdie profetiese reëling bevestig.

Sedertdien is daar 'n wye reeks van aanpassings ten opsigte van aktiwiteite in Suid-Afrika.

Vir ons wat hierby betrokke is – nie as 'n noodmaatreël wat deur die regering aangekondig is nie – maar as 'n doelbewuste verstandhouding dat dit vir ons, as gemeente 'n tyd van afsondering is. Indien ons na die virus aangeleentheid moet verwys, dan wil ek ons Hemelse Vader loof en prys, dat wat my as persoon aanbetref – sedert my tweede terugkeer vanaf Hong Kong – gisteraand 24h00 die 14 dae toets tydperk positief verloop het.

Ek wil vra dat u sal verstaan dat dit primêr nie oor die Corona virus gaan nie. Dat dit gaan oor 'n spesifieke tydperk van afsondering, dit wil sê 'n tydperk van voorbereiding vir dit wat God wil doen.

My geloofsvertroue is dat u: ***"die tyd sal uit koop."*** Ten opsigte van Skrif memorisering – ***Efesiërs 1*** – self-beoordeling en gesinsverryking.

Die interne dissipels kan ook in die tyd die agterstand van voorgeskrewe boeke in haal.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die EEIII kursusgangers kan die evangelie raamwerk bemeester en die Lewensbegeleiding-kursusgangers moet asseblief hul gebedsvriende gereeld kontak en saambid.

Met verlangende groete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335